IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAAL PROVINSIALE AFDELING) 02/02/2005

NIE RAPPORTEERBAAR SAAKNOMMER: 25875/01

Datum: 27 Januarie en 2 Februarie 2005

In die saak tussen

ADVANCED MECHANICAL AND LUBRICATION TECHNOLOGY (PTY) LTD — ElSER

en

CONRADIE ONTWIKKELINGS BK — EERSTE VERWEERDER

RIAN FRANCOIS ROBBERTSE — TWEEDE VERWEERDER

Van Rooyen WnR

[1] Eiser eis R288 217,13 plus rente teen 24 % *a tempore morae* van die verweerders gesamentlik en afsonderlik. Dit was onbestrede dat eerste verweerder geen bates het nie en dat die aanspreeklikheid van die tweede verweerder, mnr Robbertse, afhanklik is van die geldigheid van 'n borgkontrak wat deur mnr Robbertse onderteken is. 'n Bevel ter rektifikasie van die kontrak waarin ooreengekom is dat smeermiddels deur Eiser aan die eerste verweerder verkoop en gelewer sou word teen ooreengekome pryse, is

in limine aangevra. Die kontrak, wat ek die basiese lening sal noem, is per abuis op 'n briefhoof van die Eiser se voorganger (AMTEC (Pty) Ltd) getik en onderteken. Mnr Robbertse het hiertoe ingestem en ek het die wysiging beveel.

*[2] In limine* het *mnr Ferreira,* vir die Eiser, gemeld dat daar by die bewys van die geldigheid van die borgkontrak gesteun sou word op die integrasie van die basiese lening by die vermelde borgkontrak ten einde die skuldenaar, Eerste Verweerder, in te lees by die borgkontrak waarin die naam van die debiteur oop ge1aat is. *Mnr Gouws* vir die verweerders het betoog dat aangesien daar nie in die Besonderehede van Vordering verwys is na hierdie integrasie nie, daar eers aansoek gedoen moet word om die wysiging van die Besonderhede en dat mnr Robbertse dan, ter voorbereiding geregtig is op 'n uitste1 met koste. Ek het die verweerder se punt van die hand gewys; die Besonderhede het na die borgkontrak verwys en die borgkontrak bevat 'n klousule wat die basiese lening reeds daarby integreer. Dit was dus nie nodig om die Besonderhede te wysig nie.

[3] 'n Mnr Smit, een van die bestuurders van die Eiser, het getuig dat hy deur mnr Robbertse genader is om smeermiddels vir motors aan hom te verskaf. Hy sou dit dan herverkoop aan gebruikers. Hy het daarop

aangedring dat hy dit eers sou doen indien mnr Robbertse die basiese lening teken en ook persoonlik borg staan vir die skuld van die Eerste Verweerder. Hy het die nodige dokumentasie aan mnr Robbertse gefaks. Intussen het hy aan Eerste verweerder produkte begin lewer. Eers ongeveer twee maande later het Robbertse die basiese kontrak plus die borgkontrak aan hom gefaks. 'n Dokument getiteld "General terms and Conditions" is nie terug gefaks nie. Hierdie dokument blyk nie in meer as 10 punt grootte te wees nie. Daar moet fyn gelees word om die terme te lees. Maar hierdie voorwaardes was nie in geskil nie en die Eerste Verweerder, verteenwoordig deur mnr Robbertse het die voorwaardes in die basiese lening uitdruklik aanvaar. Ek sal egter later 'n opmerking daaroor maak. Mnr Smit, wat my getref het as 'n eerlike getuie, het ontken dat die basiese kontrak en die borgkontrak nog onderhewig was aan onderhandeling, soos beweer deur mnr Robbertse.

[4] Mnr Robbertse het getuig dat die twee kontrakte, ten spyte van sy ondertekening daarvan, nog onderhewig was aan onderhandeling. Mettertyd het dit geblyk dat hy bedoel het dat die opvolgende lewerings van goedere onderhewig was aan onderhandeling. Hy het klaarblyklik, op sy eie weergawe, die basiese lening verkeerd verstaan. Hy het naderhand in kruisondervraging toegegee dat hy "dom" was om die kontrakte te

onderteken. Maar hy moes voorraad kry en was dus verplig om uiteindelik te

teken. Mnr Robbertse was onder die wanindruk dat wanneer hy kontrakbreuk pleeg die kontrak dan ook tot 'n einde kom omdat dit dan "gebreek" is. Hy kon egter nie verduidelik waarom hy saamstem dat hy nietemin nog vir die gelewerde items sou moet betaal nie. Mnr Smit het getuig dat hy die dokumentasie, soos onderteken deur mnr Robbertse, later na sy prokureur geneem het. Die prokureur was van mening dat die weglaat van die naam van die debiteur op die borgstelling die borgkontrak onafdwingbaar maak. Die prokureur het toe twee konsepkontrakte vir ondertekening opgestel. Die een kontrak was 'n erkenning van aanspreeklikheid met 'n afbetaling-klousule van die eerste verweerder en die tweede was 'n borgkontrak, wat beide deur mnr Robbertse onderteken moes word. Hy het egter nie een van die kontrakte geteken nie.

[5] Indien die eerste en die tweede kontrak bekyk word, is dit duidelik dat sekere vrae onbeantwoord gelaat is. In die geval van die basiese lening, wat ook 'n kredietwaardigheid-navraag is, het mnr Robbertse nie-wesentlike aspekte soos sy BTW -nommer en handelsverwysings weggelaat. Die Eerste Verweerder se naam was egter duidelik daarop ingevul en aan die einde van die "navraag" verskyn die volgende klousules:

" 23. The applicant hereby agrees that this Application and Conditions of Purchase and Sale shall become effective immediately upon acceptance by AMTEC (Pty) Ltd .

24. The Applicant acknowledges that he has read and agrees to the Standard Conditions of Sale which form part of this Application to open a credit Account and which appears on the adjacent page."

Dit was juis hierdie "adjacent page" wat mnr Robbertse nie terug gefaks het nie. Hy het egter toegegee in sy getuienis dat dit deel van die kontrak gevorm het.

[6] In *Industrial Development Corporation of SA (Pty) Ltd* v *Silver* 2003(1) SA 365 (HHA) is beslis dat waar die debiteur nie in 'n borgkontrak vermeld word nie, die debiteur wel by wyse van inkorporasie vanuit die lening in die borgkontrak ingelees mag word. Dit is dan ook wat in die onderhawige geval gebeur het. Die debiteur, die eerste verweerder word duidelik in die basiese lening identifiseer en dit was dan ook onbestrede by die verhoor dat Eerste Verweerder by die borgkontrak ingelees moet word.

[7] Dit is duidelik dat volgens ons reg 'n party gebonde is aan 'n kontrak ten spyte wat hy innerlik daaroor dink. So word in *South African Railways & Harbours* v *National Bank of South Africa* 1924 AD 704 op 715-6 die volgende gese :

"The law does not concern itself with the working of the minds of parties to a contract, but with the external manifestation of their minds. Even therefore if from a philosophical standpoint the minds of the parties do not meet, yet, if by their acts their minds seems to have met, the law will, where fraud is not alleged, look to their acts and assume that their minds did meet and that they contracted in accordance with what the parties purport to accept as a record of their agreement."

Sien ook *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd* v *Potato Board* 1956(2) *SA 473 {A) op 479G-H waar Schreiner AR sê:*

*" Our law allows a party to set up his own mistake in certain circumstances in order to escape liability under a contract into which he has entered. But where the other party has not made any misrepresentation and has not appreciated at the time of acceptance that his offer was being accepted under a misconception, the scope for a defence of unilateral mistake is very narrow, if it exists at all. At least the mistake (error) would have to be pleaded. "*

Mnr Smit het wel later, by navraag by die Eiser se prokureur, skepties geraak of die kontrakte afdwingbaar was. Vandaar die twee nuwe kontrakte wat aan mnr Robbertse oorhandig is vir ondertekeing. *Mnr Gouws* het betoog dat die twyfel aanduidend daarvan is dat mnr Smit ook nie finaliteit geheg het aan die twee eerste, getekende kontrakte nie. Ek stem, met eerbied, nie met hom saam nie. Mnr Smit se prokureur se opinie het wel gestrook met die regspraak oor borgstellings voor die Silver-uitspraak *(supra).* Die feit dat 'n kontraktant twyfel ná kontraksluiting het oor die afdwingbaarheid van 'n kontrak, kan geensins afbreuk doen aan die geldigheid van die kontrak nie : as die kontrak by sluiting geldig is, bly dit geldig al twyfel 'n kontraktant later oor die afdwingbaarheid daarvan. Daar was geen getuienis dat mnr Smit die kontrak abandoneer het deur die twee latere kontrakte aan mnr Robbertse te oorhandig nie en dit het ook nie stilswyend daaruit geblyk nie.

[8] Ek het oorweeg of mnr Smit werklik ooreengekom het om 24% rente te betaal. Dit was in die fynskrif van die aanhangsel vervat. Ek het 'n vermoede

dat mnr Robbertse nie eers daarna gekyk het in sy oorhaastigheid om produkte te bekom nie. Hy het egter in sy getuienis bevestig dat die aanhangsel waarin die rente vervat is ook deel van die kontrak was. Sy verweer was dat hier geen kontrak was nie en dat hy bloot besig was om te onderhandel. Sy standpunt is verkeerd. Die kontrakte is gesluit en hy kan nie nou sy innerlike voorbehoude opper nie. Hy het twee kontrakte geteken en die Eiser het dit by implikasie aanvaar deur te begin lewer. Mnr Robbertse het borg geteken vir die volle skuld van die Eerste Verweerder en dit maak nie saak of hy die twee kontrakte eers later gefaks het nie. Feit bly staan dat die twee kontrakte die 12de September as datum dra en dat die November datum waarop dit gefaks is, nie afbreuk doen aan die feit dat hy onderneem het om borg te staan vir die skuld van die Eerste Verweerder nie. Dit behels al die skuld.

[9] Die eis slaag dus met koste.

(l)Die rektifikasie van Aanhangsels "A" "B" en "D" deur AMTEC (Pty) Ltd te vervang waar dit ookal verskyn met die Eiser se naam, word beveel.

(2)Die rektifikasie van Aanhangsels "A" en "D" deur registrasienommer 84/06609/07 te vervang met registrasienommer 99/07892, waar dit ookal mag voorkom, word beveel.

(3) Die Tweede Verweerder word beveel om die bedrag van R288 217,13 plus jaarlikse rente teen 24 % *a tempore morae* aan die Eiser te betaal.

J C W van Rooyen .................................

Waarnemende Regter van die Hooggeregshof

2 Februarie 2005